THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 221 PRETORIA, 25 FEBRUARY, 25 FEBRUARIE 1977 3871

No. 36 (Administrator's), 1977.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Municipal Elections Amendment Ordinance, 1977, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 25th day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PR. 4-11 (1977/10).

Ordinance No. 1 of 1977.
(Assented to on 23rd February, 1977).
(Afrikaans copy signed by the State President).

# AN ORDINANCE

**To amend the Municipal Elections Ordinance, 1970, in respect of the keeping up to date of a voters' list as contemplated in section 20.**

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Amendment of section 20 of Ordinance 16 of 1970, as amended by section 2 of Ordinance 9 of 1972 and section 1 of Ordinance 16 of 1973.

1. Section 20 of the Municipal Elections Ordinance, 1970, is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A council shall cause the voters' list for the municipality to be kept up to date by —

(a) adding thereto the particulars of every person who complies with the provisions of section 14(1)(a) and who is enrolled on a parliamentary voters' list —

(i) which came into operation after the date on which the voters' list was prepared; or

(ii) which has been supplemented as contemplated in section 8(5)(a) read with section 16A of the Act;

No. 36 (Administrateurs-), 1977.

## PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ontwerpordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1977 wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 25ste dag van Februarie, Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PR. 4-11 (1977/10)

Ordonnansie No. 1 van 1977.
(Toestemming verleen op 23 Februarie 1977).
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

# 'N ORDONNANSIE

**Tot wysiging van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, ten opsigte van die byhou van 'n kieserslys soos in artikel 20 beoog.**

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 16 van 1970, soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 9 van 1972 en artikel 1 van Ordonnansie 16 van 1973.

1. Artikel 20 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Raad laat die kieserslys vir die munisipaliteit byhou deur —

(a) daaraan die besonderhede by te voeg van elke persoon wat aan die bepalings van artikel 14(1)(a) voldoen en wat as 'n kieser ingeskryf is in 'n parlementêre kieserslys —

(i) wat in werking getree het na die datum waarop die kieserslys opgestel is; of

(ii) wat aangevul is soos beoog in artikel 8(5)(a) gelees met artikel 16A van die Wet;

(b) amending the first part of such voters' list to make it correspond with amendments made to the parliamentary voters' list in terms of section 18 of the Act;

(c) deleting therefrom the particulars of any person —

(i) whose name after a general registration of voters in terms of section 8(1) of the Act, no longer appears on the parliamentary voters' list for an electoral division contemplated in section 14(1)(a);

(ii) whose name has been deleted from the parliamentary voters' list as contemplated in section 8(5)(b) read with section 18A of the Act; or

(iii) who is subject to a court order referred to in section 15 from the first part of such voters' list;

(d) deleting the particulars of any person who is enrolled in the second part of such voters' list, if such person —

(i) no longer qualifies in terms of section 14(1)(b) for such enrolment; or

(ii) is subject to a court order referred to in section 15."; and

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Any action contemplated in the foregoing provisions of this section shall be taken forthwith after the facts requiring such action have come to the knowledge of the town clerk or a person acting on his behalf: Provided that if such facts become known to the town clerk or such person on any day which is not within twenty-two days of the end of the month of December immediately preceding the year in which a general election is to be held, such action shall be taken after the date of such general election.".

Short title and date of coming into operation. 2. This Ordinance shall be called the Municipal Elections Amendment Ordinance, 1977, and shall be deemed to have come into operation on 30 October 1973.

(b) die eerste deel van sodanige kieserslys te wysig om dit in ooreenstemming te bring met wysigings wat aan 'n parlementêre kieserslys ingevolge artikel 18 van die Wet aangebring is;

(c) die besonderhede van enigiemand —

(i) wie se naam na 'n algemene registrasie van kiesers ingevolge artikel 8(1) van die Wet nie meer op die parlementêre kieserslys ten opsigte van 'n kiesafdeling beoog in artikel 14(1)(a) voorkom nie;

(ii) wie se naam van die parlementêre kieserslys geskrap is soos beoog in artikel 8(5)(b) gelees met artikel 18A van die Wet; of

(iii) wat onderworpe is aan 'n hofbevel in artikel 15 genoem, van die eerste deel van so 'n kieserslys,

te skrap;

(d) die besonderhede van enigiemand wat in die tweede deel van so 'n kieserslys ingeskryf is, te skrap indien so 'n persoon —

(i) nie meer ingevolge artikel 14(1)(b) kwalifiseer om aldus ingeskryf te wees nie; of

(ii) onderworpe is aan 'n hofbevel in artikel 15 genoem."; en

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Enige optrede beoog in die voorafgaande bepalings van hierdie artikel, geskied onverwyld nadat die feite wat sodanige optrede noodsaak, tot die stadsklerk of iemand wat namens hom optree se kennis gekom het: Met dien verstande dat indien sodanige feite tot die stadsklerk of so iemand se kennis kom op 'n dag wat nie binne twee-en-twintig dae na die einde van die maand Desember van die jaar waarin 'n algemene verkiesing gehou staan te word onmiddellik voorafgaan nie, sodanige optrede na die datum van so 'n algemene verkiesing geskied.".

Kort titel en datum van inwerkingtreding. 2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1977, en word geag op 30 Oktober 1973 in werking te getree het.